

## Handelinge 9

### Handelinge 9:1-43

1 Maar Saulus, wat nog dreiging en moord geblaas het teen die dissipels van die Here, het na die hoëpriester gegaan 2 en van hom briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus, sodat as hy mense sou vind wat van die Weg was, manne sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring.

3 En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; 4 en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?

5 En hy sê: Wie is U, Here?

En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.

6 En terwyl hy bewoond en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen?

En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen.

7 En die manne wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie. 8 Toe staan Saulus van die grond af op, en alhoewel sy oë oop was, het hy niemand gesien nie; en hulle het hom aan die hand gelei en in Damaskus ingebring. 9 En drie dae lank het hy niks gesien nie, en niks geëet of gedrink nie.

10 En daar was 'n dissipel in Damaskus met die naam van Ananías; en die Here het vir hom in 'n gesig gesê: Ananías!

En hy antwoord: Hier is ek, Here.

11 Toe sê die Here vir hom: Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en vra in die huis van Judas na 'n man met die naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid; 12 en hy het in 'n gesig 'n man met die naam van Ananías sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kon sien.

13 Maar Ananías antwoord: Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het; 14 en hy het hier volmag van die owerpriesters om almal te boei wat u Naam aanroep.

15 Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. 16 Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.

17 En Ananías het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.

18 En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop. 19 En nadat hy voedsel gebruik het, het hy weer sterk geword.

En Saulus was 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus. 20 En hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is. 21 En almal wat hom gehoor het, was verbaas en het gesê: Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep, en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie?

22 Maar Saulus het al meer krag ontvang en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.

23 En ná geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom om te bring. 24 En hulle plan het aan Saulus bekend geword. En hulle het die poorte dag en nag bewaak, dat hulle hom kon ombring; 25 maar die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in 'n mandjie te laat afsak.

26 En toe Saulus in Jerusalem aankom, het hy probeer om by die dissipels aan te sluit; maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie geglo het dat hy 'n dissipel was nie. 27 Maar Bárnabas het hom geneem en na die apostels gebring en hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het en dat Hy met hom gespreek het, en hoe hy in Damaskus vrymoediglik in die Naam van Jesus gespreek het. 28 En hy het saam met hulle in- en uitgegaan in Jerusalem 29 en vrymoediglik gespreek in die Naam van die Here Jesus, en ook met die Griekssprekende Jode gepraat en geredetwis, maar hulle het probeer om hom dood te maak. 30 En toe die broeders dit agterkom, het hulle hom na Cesaréa afgebring en hom na Tarsus weggestuur.

31 En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder.

32 En onderwyl Petrus oral rondgaan, het hy ook gekom by die heiliges wat in Lidda woon; 33 en hy het daar 'n man gevind met die naam van Enéas, wat al agt jaar bedlêend en verlam was.

34 En Petrus sê vir hom: Enéas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op!

En hy het dadelik opgestaan. 35 En al die inwoners van Lidda en Saron het hom gesien en hulle tot die Here bekeer.

36 En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorfloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het. 37 En in dié dae het sy siek geword en gesterwe, en hulle het haar gewas en in 'n bovertrek neergelê. 38 En omdat Lidda naby Joppe was en die dissipels gehoor het dat Petrus daar was, het hulle twee manne na hom gestuur wat hom moes smee dat hy sonder uitstel na hulle moet oorkom.

39 En Petrus het opgestaan en saam met hulle gegaan. En toe hy daar kom, bring hulle hom in die bovertrek; en al die weduwees kom by hom staan en ween en wys hom die onder- en bo-klere wat Dorkas alles gemaak het toe sy nog by hulle was.

40 En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid. En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabíta, staan op!

En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit. 41 En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle. 42 En dit het bekend geword in die hele Joppe, en baie het in die Here geglo.

43 En hy het 'n geruime tyd in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.

## **1. Handeling 9:1-9 – Saulus se bekering**

**1 Maar Saulus, wat nog dreiging en moord geblaas het teen die dissipels van die Here, het na die hoëpriester gegaan 2 en van hom briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus, sodat as hy mense sou vind wat van die Weg was, manne sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring.**

**3 En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; 4 en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?**

**5 En hy sê: Wie is U, Here?**

**En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.**

**6 En terwyl hy bewoond en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen?**

**En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen.**

**7 En die manne wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie. 8 Toe staan Saulus van die grond af op, en alhoewel sy oë oop was, het hy niemand gesien nie; en hulle het hom aan die hand gelei en in Damaskus ingebring. 9 En drie dae lank het hy niks gesien nie, en niks geëet of gedrink nie.**

### **1.1 Vrae by Handeling 9:1-9**

1. Waarmee het Saulus homself besig gehou? (vers 1)
2. Was Saulus se volgende stap in sy vervolging van die kerk 'n deurdagte stap? (vers 1-2)
3. Hoekom praat Lukas van *die Weg* as hy na die dissipels verwys? (vers 2)
4. Wat was Saulus se doel met sy reis na Damaskus? (vers 2)

In Handeling 8:4-40 het Lukas Theophilus – die man aan wie hy die Handeling van Jesus Christus vertel – se aandag gevestig op die positiewe gevolge van die vervolging van die gemeente in Jerusalem. Die gelowiges wat verstrooi is, het sover as wat hulle gegaan het die evangelie verkondig. In lyn met Jesus se uitbreidingsplan van die evangelie (Samaria tot aan die uithoeke van die wêreld) beklemtoon die Heilige Gees die werk wat Filippus onder die Samaritane en by die Ethiopiër gedoen het.

Onderwyl hierdie mooi uitbreidingswerk plaasvind, **het Saulus met sy vernietingsplanne ook voortgegaan**. Die laaste wat Lukas oor Saulus berig het, was net na die dood van Stefanus. Toe het Saulus begin om die gemeente in Jerusalem te verwoes (Hand 8:3). Sy verwoestingswerk het die vervolging van die gelowiges vererger en sodoende het baie Christene uit Jerusalem gevlug. Daarmee was Saulus egter nie tevrede nie. Hy het dreiging en moord geblaas teen die dissipels van die Here. Vervolging van die kerk was nie genoeg nie. Saulus het gestreef na 'n totale uitwissing van die kerk.

In Saulus se oë het hy geywer vir wat reg is. Hy is besig om 'n valsheid wat

posgevat het in Israel uit te roei voordat dit die hele volk besmet. Miskien het Saulus homself gesien as iemand wat presies doen soos wat Moses, Pinehas en Elia gedoen het (Num 25; 1 Kon 18).

Die verstrooiing van die gemeente van Jerusalem het Saulus se werksgebied net uitgebrei. Daarom het hy van die hoëpriester briewe gevra aan die sinagoge in Damaskus om die Christene wat daar is ook by te kom. Vir Saulus was niks te veel of te groot of te ver om te doen nie. Hy was bereid om 'n reis van ses dae te voet aan te pak Damaskus toe. Saulus se stap om na Damaskus toe te gaan, was nie gedoen omdat hy geweet het dat daar volgelinge of 'n groot aantal volgelinge van Jesus in Damaskus is nie. Lukas sê uitdruklik as daar dissipels sou wees, is Saulus van plan om hulle gevange te neem. Dit blyk of Saulus se stap om buite Jerusalem dissipels te gaan vang **op die ingewing van die oomblik geneem is**. Hy wil net so gou as moontlik en so ver as wat hy kan bykom dissipels van die Here gevange neem.

Dit is net in Handelingte wat van die Christene gepraat word as **mense van die Weg** (vgl. Hand 9:2; 19:9, 23; 24:14, 22). Dit is duidelik dat die naam *die Weg* vroeg 'n benaming was wat die Jode of die Joodse Raad vir die Christene gegee het. Die rede waarom die benaming is egter nie duidelik nie. Dit kan wees om daarmee aan te dui dat die volgelinge van Jesus 'n bepaalde lewenstyl navolg. Dit kan ook wees omdat Jesus Homself die weg genoem het.

Saulus wou na Damaskus gaan met die goedkeuring van die Joodse Raad en in besonder van die hoëpriester om volgelinge van Jesus gevange te neem. Hy wou manne sowel as vroue wat in Jesus glo **geboeid terugbring na Jerusalem**. In Jerusalem sou hulle seker deur die Joodse Raad verhoor en veroordeel word. Saulus was vasberade **om van die kerk ontslae te raak** en daarvoor het hy die ondersteuning van die hoëpriester gehad.

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>5. Watter lig het Saulus omstraal? (vers 3)</li><li>6. Hoekom het Saulus op die grond geval? (vers 4)</li><li>7. Wat is besonders aan die stem en die woorde wat Saulus gehoor het? (vers 4)</li></ol> |
|--|

Die reisgeselskap waarin Saulus was, was naby Damaskus toe daar skielik 'n lig van die hemel af hom omstraal het. In sy eie vertellings later (Hand 22:6 en 26:13) het Saulus self gesê dat hierdie gebeurtenis plaasgevind het teen die middag toe die son helder geskyn het. Die lig wat hom omstraal het, was egter helderder as die son wat op sy helderste skyn. Hierdie lig het dus 'n ander bron gehad as wat aan die mens bekend is. **Dit is 'n bonatuurlike lig.** Na aanleiding van wat Lukas in die volgende drie verse verhaal, blyk dit dat die Here Jesus self die bron van hierdie lig moes gewees het. Dit is sy heiligheid en heerlikheid wat so helder vir Saulus omstraal het.

Saulus het op die grond geval nie uit eerbied en ontsag vir die Here nie, maar omdat **hy oorweldig was** deur die groot krag van hierdie helder lig. Hy moes ook bang gewees het, want in vers 6 hoor ons dat hy gebewe het. Saulus het die opgestane Jesus Christus op die pad na Damaskus ontmoet. Geen mens kan staande bly wanneer die Here Jesus aan hom verskyn en met hom praat nie (vgl. Open 1:17).

Die stem wat Saulus gehoor het, het ook uit die hemel gekom soos die lig wat hom skielik omstraal het. Dus het die stem en die lig dieselfde bron – dit is bonatuurlik. **Hier het met Saulus gebeur waarvan daar nog net in die Skrifte gelees is** – God wat direk met 'n mens op die aarde praat sodat die mens dit kan hoor en verstaan. Saulus het self later vertel dat die stem in Hebreeus met hom gepraat het (Hand 26:14).

**Wanneer die Here die naam herhaal van die persoon met wie Hy praat**, spreek dit van groot emosie in die stem. Jesus het dit gedoen toe Hy met Martha gepraat het (Luk 10:41) omdat sy gekla het dat Maria haar nie help in die huis nie. Jesus het dit ook met Jerusalem gedoen tydens sy intog in Jerusalem op die Sondag voordat Hy gekruisig is (Matt 23:37). Jesus het 'n diepe gevoel vir Saulus.

En as Jesus oor sy oortreding praat, sê Hy nie wat Saulus die kerk of die gelowiges aandoen nie. Hy sê wat Saulus Hom aandoen. Saulus is besig om die Here self te vervolg. **Twee dinge word hierin duidelik vir Saulus.** In die eerste plek was Saulus onder die indruk dat hy al sy kragte inspan om die Here te dien deur van die

Christene ontslae te raak, maar nou moet hy hoor dat hy teen die Here self stry. Saulus het hom nou skuldig gemaak aan die oortreding waarteen Gamaliël die Joodse Raad gewaarsku het (Hand 5:39).

In die tweede plek het Saulus besef wat 'n noue verbondenheid daar tussen Jesus en die gelowiges is. Jesus is nie maar net by hulle nie. Die gelowiges en Jesus is so heg met mekaar verenig dat dit wat met die gelowiges gebeur en aan hulle gedoen word, gebeur en word aan Jesus self gedoen. Hier bevestig Jesus die woorde wat Hy in die Profetiese Rede ook gesê het (Matt 25:40).

8. Wat is opmerklik aan Saulus se vraag? (vers 5)
9. Wat het Saulus aangaande Jesus geleer uit die antwoord op sy vraag? (vers 5)
10. Wat was Jesus se opdrag aan Saulus? (vers 6)

Met Saulus het gebeur waarvan hy nog net in die Skrifte gelees het – God praat direk met hom uit die hemel. Die woord wat ons met *Here* vertaal kan ook met *meneer* vertaal word – 'n beleefde aanspreekvorm. Die bonatuurlike gebeurtenis hier – die helder lig wat Saulus omstraal sowel as die stem vanuit die hemel – lei 'n mens om te verstaan dat Saulus die stem nie as die stem van 'n mens sou herken nie, maar as die stem van God self. Saulus dien immers die God van sy vaders. Daarom het hy **geweet dit is die Here self wat met hom praat**. Omdat hy nog nooit so 'n belewenis gehad het nie, vra hy: **Wie is U, Here?** Is U die God van my vaders?

In antwoord op sy vraag hoor Saulus dit is Jesus wat met hom praat. Uit hierdie antwoord kom Saulus te wete dat **Jesus inderdaad lewe**, want Hy praat met Saulus. Hy kom ook te wete dat **Jesus die Here is**. Jesus is inderdaad God. Die verkeerde siening wat Saulus aangaande Jesus gehad het – dat Hy dood was en dat Hy nie Goddelik is nie – word in hierdie antwoord reggestel. Verder kom Saulus ook self te wete van **die noue verbintenis tussen Jesus en sy kerk**. Jesus is inderdaad in die hemel en Hy is tegelykertyd by en in sy kerk teenwoordig.

Die opdrag wat Jesus aan Saulus gee, lê nie die hele plan wat die Here met hom het

bloot nie. **Die Here gee slegs die onmiddellike opdrag** – hy moet opstaan en na die stad gaan. In die stad sal hy verdere opdragte kry vir dit wat hy moet doen. Die woorde *Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop* aan die einde van vers 5 en die woorde *En terwyl hy bewoond en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen?* aan die begin van vers 6 kom nie in die Griekse teks voor nie. Die vertalers van die Vulgaat – die Latynse vertaling van die Bybel – het hierdie woorde hierin gevoeg, sodat Paulus se eie vertellings in Handeling 22:10a en 26:14b met hierdie gebeure ooreenstem. Dit is dus vanuit die Vulgaat dat hierdie invoeging in die Griekse teks gekom het van Handeling 9. Daarom word daar nie nou aan hierdie woorde aandag geskenk nie.

11. Wat was Saulus se reisgenote se reaksie op die gebeure? (vers 7)
12. Hoekom het hulle so gereageer? (vers 7)
13. Watter uitwerking het die ontmoeting met Jesus op Saulus gehad? (vers 8)
14. Hoekom het Saulus drie dae lank niks geëet of gedrink nie? (vers 9)

Saulus se reisgenote was stom geslaan deur deur die gebeure. Hulle het verdwaas en **sprakeloos** daar gestaan. Lukas berig nie of hulle ook die helder lig vanuit die hemel gesien het nie. Hulle het wel die stem gehoor, maar niemand gesien nie. Wanneer Paulus later self van hierdie gebeure vertel, sê hy dat hulle die stem gehoor het, maar nie verstaan het wat die stem sê nie (Hand 22:9).

Hierdie manne was uit die veld geslaan. **Tussen hulle almal is Saulus uitgesonder** en het daar iets met hom gebeur wat hulle nie kon verklaar nie. In 'n ander vertelling van Paulus hoor ons dat nie net hy op die grond geval het nie, maar almal van hulle (Hand 26:14). Alhoewel almal op die grond geval het, is dit net Saulus wat kon verstaan wat die stem praat, want hy het die stem geantwoord en net Saulus kon na die gebeure nie sien nie.

Weens die ontmoeting met Jesus het almal op die grond geval, maar **net Saulus was blind** na die ontmoeting. Dit is moontlik dat Saulus direk in die helder lig ingekyk het en as gevolg daarvan tydelik blind geword het. Dit lyk eerder asof Saulus se blindheid direk toegeskryf moet word aan die Here en nie net aan die lig



wat hom omstraal het nie. Later wanneer Ananias vir hom bid, val daar iets soos skille van sy oë af. Saulus se blindheid was van so 'n aard dat hy werklik deur sy reisgenote aan die hand gelei moes word. Die geselskap het hulle reis voortgesit en Saulus in Damaskus ingebring.

Die eerste afleiding wat 'n mens wil maak oor hoekom Saulus vir drie dae nie geëet of gedrink het nie, was omdat hy vir drie dae nie kon sien nie. Dit lyk eerder asof 'n mens na 'n dieperliggende rede moet soek. Saulus het geweet dat dit wat met hom gebeur het direk van die Here af kom. Afgesien van die fisiese verandering wat Saulus ondervind het, het hy ook 'n diep geestelike verandering in sy lewe bemerk. Hy het Jesus as die Here erken en hy het hom aan Jesus onderwerp. Die Heilige Gees het in Saulus die wedergeboorte bewerk, sodat hy nie meer 'n vervolger van Jesus is nie, maar 'n navolger van Jesus.

Dat Saulus dan vir drie dae nie geëet of gedrink het nie, moet eerder daaraan toegeskryf word dat Saulus in diepe nadenke was oor wat met hom gebeur het. **Hy het biddend en vastende gepeins oor die gebeure.** Hy het geduldig gewag om te hoor wat dit is wat die Here wil hê hy moet doen. Die Here het immers net vir hom gesê dat hy na die stad toe moet gaan en daar sal vir hom gesê word wat hy moet doen. Die Here het nie gesê wanneer dit vir hom gesê sal word nie. Saulus het begin leer wat geduld beteken.

## **2. Handeling 9:10-19a – Saulus word deur Ananias bedien en hy ontvang sy opdrag**

**10 En daar was 'n dissipel in Damaskus met die naam van Ananías; en die Here het vir hom in 'n gesig gesê: Ananías!**

**En hy antwoord: Hier is ek, Here.**

**11 Toe sê die Here vir hom: Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en vra in die huis van Judas na 'n man met die naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid; 12 en hy het in 'n gesig 'n man met die naam van Ananías sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kon sien.**

**13 Maar Ananías antwoord: Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het; 14 en hy het hier volmag van die owerpriesters om almal te boei wat u Naam**

aanroep.

**15** Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. **16** Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.

**17** En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.

**18** En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop. **19** En nadat hy voedsel gebruik het, het hy weer sterk geword.

## 2.1 Vrae by Handeling 9:10-19a

1. Wie was Ananias? (vers 10)
2. Hoe verskil die Here se openbaring aan Ananias met die openbaring aan Saulus? (vers 10)
3. Hoe reageer Ananias op die Here se roepstem? (vers 10)
4. Watter opdrag gee die Here aan Ananias? (vers 11)
5. Watter besondere inligting aangaande Saulus noem die Here? (vers 11)
6. Hoe het die Here vir Ananias bemoedig? (vers 12)

Buiten dit wat Lukas hier oor **Ananias** skryf, weet ons verder niks van hom nie.

Ananias beklee nie 'n besondere amp nie. Hy word net 'n **dissipel** genoem – dit wil sê, 'n gelowige en 'n lidmaat tussen al die ander volgelinge van Jesus in Damaskus. Dit blyk ook dat Ananias nie een van die vlugtlinge is as gevolg van die vervolging in Jerusalem nie. Na alle waarskynlikheid is hy 'n gevestigde inwoner in Damaskus. Sy naam laat 'n mens dink dat hy 'n gebore Jood is en dat hy waarskynlik tot bekering en geloof in Christus gekom het toe die Heilige Gees uitgestort is of kort daarna. Ananias is dus 'n gewone gelowige wat deur die Here vir 'n besondere diens aangewend word.

Die Here het **in 'n gesig** met Ananias gepraat, soos wat Hy dikwels met die profete in die Ou Testament gepraat het. In vergelyking met die Here se ontmoeting met

Saulus, sal ons sê dat die ontmoeting met Ananias in kalmte geskied het. Teenoor Saulus het die Here Homself op 'n **meer direkte en kragtige wyse geopenbaar**. Daar was 'n helder lig uit die hemel. Saulus en die mense saam met hom het op die grond geval. Saulus was na die ontmoeting met die Here blind. Saulus is met krag in sy spore gestuit, want hy het moord en geweld in sy hart gedra teenoor die Here en die Here se kerk. Ananias is 'n gehoorsame dienskneg van die Here.

**Ananias se reaksie** op die roepstem van die Here herinner aan die reaksie van sovele ander gelowiges uit die Ou Testament, soos Abraham en Samuel. Ananias is gewoon aan die Here se stem en hy is gewillig om na die Here te luister en Hom te gehoorsaam.

Die **opdrag** wat die Here aan Ananias gee is baie spesifiek. Ananias moet opstaan en na die huis van 'n sekere man gaan wat in 'n spesifieke straat geleë is en hy moet vra na 'n spesifieke man in die huis. Die opdrag wat die Here aan Saulus gegee het was nie so spesifiek nie. Hy moes net in die stad ingaan en daar sal vir hom gesê word wat hy moet doen.

Wat Ananias uiteindelik by Saulus moet gaan doen, het Ananias afgelei uit die gesig wat die Here aan Saulus gegee het. Ananias moet vir Saulus die hande oplê, sodat hy weer kan sien. Ananias kry 'n opdrag waarvan enige volgeling van Jesus in daardie tyd sou terugdeins. Baie Christene sou meen dat jy nou in die bek van die leeu in stap.

Die Here vestig Ananias se aandag in besonder op dit wat Saulus besig is om te doen – **hy bid**. As Fariseër sou bid nie iets vreemds of abnormaal vir Saulus gewees het nie. Maar nou na sy bekering is dit die eerste maal wat hy regtig bid en nie maar 'n ritueel afhandel nie. Nou bid hy in die Naam van Jesus met 'n nederige hart en nie meer met die hoogmoedige hart van 'n Fariseër nie.

Die Here het Ananias **bemoedig** met die noem van die gesig wat Saulus ook gehad het. Die Here het Saulus voorberei vir die ontmoeting met Ananias, sodat Saulus hom verwag het. Met hierdie woorde het die Here Ananias verseker dat Hy met hom is en hom ook in wag by Saulus. Verder het Ananias ook verneem dat Saulus nie in

hierdie stadium kan sien nie, maar dat hy aan Saulus goed moet doen – hy moet op bevel van die Here vir Saulus die hande oplê sodat hy weer kan sien.

7. Waarom was Ananias huiwerig oor hierdie opdrag van die Here? (vers 13-14)
8. Watter redes het Ananias vir sy huiwering aangevoer? (vers 13-14)
9. Hoe antwoord die Here op Ananias se beswaar? (vers 15)
10. Watter twee redes gee die Here sodat Ananias moet voortgaan? (vers 15-16)

Ananias die getroue dienskneg van die Here in Damaskus is aanvanklik skepties en huiwerig oor die opdrag wat die Here aan hom gee. **Hy het immers van baie mense gehoor wat Saulus al gedoen het.** Uit hierdie woorde van Ananias kan ons aflei dat daar al 'n geruime tyd verloop het sedert die dood van Stefanus en die gevolglike vervolging van die gemeente in Jerusalem tot hier toe. Saulus het so berug geword onder die Christene as gevolg van die dreiging en moord wat hy geblaas het dat daar oral oor hom gepraat is. Christene het mekaar van heinde en verre gewaarsku oor die man.

Toe Ananias die naam hoor het, het hy seker gedink dat die Here hom nou op 'n selfvernietigende misie stuur. Dit is asof Ananias wil seker maak dat hy die naam reg gehoor het – Here, bedoel hierdie Saulus wat so wreed teenoor die gelowiges optree?

Ananias noem **twee dinge aangaande Saulus** wat hy gehoor het. Hy het gehoor hoeveel kwaad Saulus die heiliges van die Here in Jerusalem aangedoen het. Die geweldadige optrede van Saulus teenoor die gelowiges in Jerusalem het soos 'n veldbrand onder die Christene versprei. Daar is vertel hoe hy in huise ingebars het om mans en vrouens uit te sleep voor die Joodse Raad. Daar is vertel hoe hy regtig soos 'n wilde dier te kere gegaan het met die gelowiges.

Dit is ook die eerste keer dat Lukas die gelowiges *heiliges van die Here* noem. Die Christene is mense wat met die bloed van Christus en deur die werk van die Heilige Gees vir die Here afgesonder is as sy eiendom.

Ananias het verder ook gehoor dat Saulus juis met die volmag van die hoëpriester in Damaskus was om almal wat die Here se Naam aanroep te boei. Nie net die geweld wat Saulus in die verlede die gelowiges aangedoen het nie, maar ook die beplande geweld teen die gelowiges in Damaskus was al onder die gelowiges bekend. Geen Christen is veilig in die teenwoordigheid van Saulus nie. En wat dit erger maak is dat hy nie maar op eie inisiatief sy geweld pleeg teen die gelowiges nie. Hy het die ondersteuning van die hoëpriester en dus van die Joodse Raad om te doen wat hy doen.

Die Here antwoord die beswaar van Ananias net **met die herhaling van die bevel** – gaan. In hierdie een woord hoor Ananias dat hy reg verstaan het van watter Saulus die Here gepraat het. Daar is dus geen twyfel oor watter Saulus hier van ter sprake is nie.

Die Here gee aan Ananias **twee redes** hoekom hy hierdie bevel nou moet gehoorsaam. Die eerste rede is omdat Saulus 'n uitverkore werktuig van die Here is. Reeds in die ewigheid het die Here aangaande Saulus 'n besluit geneem en daardie besluit gaan nou tot uitvoer gebring word. Dit gaan werklik nie oor wat 'n mens het en doen wanneer dit kom by die uitverkiesende werk van die Here nie. Die Here se werk bly altyd verrassend. Ananias het nooit kon dink dat Saulus 'n werktuig van die Here sou kon wees nie.

Die Here maak ook duidelik vir watter werk is Saulus uitverkore. Hy sal die Naam van die Here Jesus dra – dit wil sê, hy sal 'n getuie van Jesus Christus wees voor nasies en konings en die kinders van Israel. Saulus se eerste opdrag is om getuie van Jesus te wees voor die heidene. Daarby sal hy ook getuienis van Jesus gee voor regeerders en die kinders van Israel.

Die tweede rede wat die Here vir Ananias gee is dat die Here self aan Saulus sal toon hoeveel hy vir die Naam van die Here sal ly. Saulus sal 'n lewe van bevoorregting nou agterlaat om as dienskneg van Jesus Christus te lewe met al die swaarkry wat daarmee gepaard gaan. In breë lyne het die Here aan Ananias gesê watter opdrag Saulus van die Here het. Ananias het in werklikheid voor Saulus geweet wat die Here wil hê hy moet doen. Ananias is dan die een van wie Saulus in

die stad sou hoor wat hy moet doen.

11. Hoe kan ons weet dat Ananias die Here werklik geglo het oor Saulus? (vers 17)
12. Wie sê Ananias het hom na Saulus gestuur? (vers 17)
13. Waarvoor het Jesus vir Ananias na Saulus gestuur? (vers 17)
14. Wat het die handoplegging onmiddellik tot gevolg vir Saulus (vers 18)
15. Wat beteken dit dat Saulus toe gedoop is? (vers 18)

Alhoewel Ananias aanvanklik geprotesteer het, het die Here voortgegaan om aan hom te openbaar wat Hy met Saulus gaan doen. Saulus is 'n uitverkore werktuig van die Here om getuie van Jesus te wees voor nasies en konings en die kinders van Israel. Sonder enige verdere huiwering het Ananias na Judas se huis vertrek en hy het presies gaan doen wat die Here hom beveel het. Hy het vir Saulus die hande opgelê.

Dit is **in hierdie handeling** om vir Saulus die hande op te lê sowel as **in sy woorde** aan Saulus dat ons kan hoor dat Ananias die Here werklik geglo het. Ananias spreek Saulus op sy naam aan en voeg daaraan toe dat hy vir Ananias 'n broer is. Op grond van die Here se woorde het Ananias vir Saulus ontvang as 'n medegelowige van Jesus Christus. Deur hom die hande op te lê, het hy ook die liefde van die Here vir Saulus konkreet getoon. Ananias het dieselfde liefde ook vir Saulus.

Saulus word verseker dat **die verheerlikte Jesus** wat aan hom op die pad na Damaskus verskyn het ook vir Ananias na hom gestuur het. Dieselfde Here wat vir Saulus in sy spore gestuit het, gaan nou voort met hom. Die gesig wat Saulus gehad het van Ananias wat inkom en hom die hande oplê sodat hy weer kan sien, word bewaarheid. Opeens kry Saulus die versekering van die Here self deur die gebeure sowel as deur die woorde van Ananias dat die Here Jesus werklik 'n taak vir Saulus het.

Die Here het vir Ananias om  **twee redes**  na Saulus toe gestuur. Hy het hom gestuur sodat Saulus weer kan sien. Saulus het die gesig gehad van Ananias wat hom die

hande oplê sodat hy weer kan sien. Ananias se woorde bevestig ook daardie gesig en Saulus voel hoe Ananias se hande op hom rus.

Ananias is ook na Saulus gestuur sodat hy met die Heilige Gees vervul kan word. Hierdie doel laat sommige mense opmerk dat Saulus se wedergeboorte eers hier in Damaskus plaasgevind het en nie soos wat algemeen aanvaar word by daardie aanvanklike ontmoeting met Jesus nie. Dit is onnodig om presies te bepaal of Saulus drie dae te vore of nou eers wedergebore is. Die feit is dat Jesus vir Saulus deur sy Gees tot bekering en geloof gebring het. Die feit dat Jesus hom ook nou met sy Heilige Gees vervul, beklemtoon dat Hy Saulus onder sy volle beheer neem om as die uitverkore werktuig werksaam te word.

Nog 'n belangrike ding wat die Here hier openbaar is dat die vervulling met die Heilige Gees nie net gebeur wanneer apostels mense die hande oplê nie. Dit is wat mense sou kon aflei na aanleiding van die gebeure in Samaria (Hand 8:14-25). Die vervulling met die Heilige Gees is nie gebind aan sekere mense nie, maar uitsluitlik aan die Here self. Hy gee sy Heilige Gees aan wie Hy wil en Hy gebruik enige van sy diensknegte wat Hy wil om mense die hande op te lê.

Die onmiddellike gevolge vir Saulus was dat daar **iets soos skille van sy oë afgeval** het en **hy kon dadelik weer sien**. Die feit dat Saulus weer kon sien, beteken nie net dat sy oë weer herstel is sodat hy fisies kan sien nie. Sy geestesoë is ook vir die eerste keer oopgemaak deur die Heilige Gees sodat hy werklik kon sien wie Jesus Christus is. Saulus se geestesoë is deur die Heilige Gees verhelder sodat hy begrip kon kry van die majesteit en heerlikheid van die Here Jesus.

Hierdie kragtige werk van die Heilige Gees in Paulus lei daartoe dat Saulus net daar gedoop is. Saulus **het homself onmiddellik aan die heerskappy van Jesus Christus onderwerp**. Om homself aan die Here Jesus te onderwerp, is vir Saulus nog belangriker as om te een en te drink wat hy vir drie dae nie kon doen nie. Binne die bestek van hierdie drie dae het die Here vir Saulus omgekeer van 'n vervolger van Jesus Christus na 'n dienaar van Jesus Christus.

### **3. Handeling 9:19b-31 – Saulus in Damaskus en Jerusalem**

En Saulus was 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus. 20 En hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is. 21 En almal wat hom gehoor het, was verbaas en het gesê: Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep, en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie?

22 Maar Saulus het al meer krag ontvang en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.

23 En ná geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom om te bring. 24 En hulle plan het aan Saulus bekend geword. En hulle het die poorte dag en nag bewaak, dat hulle hom kon ombring; 25 maar die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in 'n mandjie te laat afsak.

26 En toe Saulus in Jerusalem aankom, het hy probeer om by die dissipels aan te sluit; maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie geglo het dat hy 'n dissipel was nie. 27 Maar Bárnabas het hom geneem en na die apostels gebring en hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het en dat Hy met hom gespreek het, en hoe hy in Damaskus vrymoediglik in die Naam van Jesus gespreek het. 28 En hy het saam met hulle in- en uitgegaan in Jerusalem 29 en vrymoediglik gespreek in die Naam van die Here Jesus, en ook met die Griekssprekende Jode gepraat en geredetwis, maar hulle het probeer om hom dood te maak. 30 En toe die broeders dit agterkom, het hulle hom na Cesaréa afgebring en hom na Tarsus weggestuur.

31 En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder.

### 3.1 Vrae by Handeling 9:19b-31

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>1. Wat het Saulus in Damaskus gedoen? (vers 19-20)</li><li>2. Hoe het die Jode aanvanklik gereageer op Saulus se woorde? (vers 21)</li><li>3. Wat het verder in Saulus gebeur? (vers 22)</li></ol> |
|--|

**Saulus is nou getel as een van die dissipels van die Here** in Damaskus. Hy is deur die Christene in Damaskus ontvang as iemand wat by hulle hoort. Die omkeer wat die Here in Saulus se lewe teweeg gebring het, was radikaal en blywend.



Trouens, in hierdie hele perikoop (Hand 9:19b-31) beskryf Lukas die radikale verandering wat in Saulus se lewe plaasgevind het sowel as die gevolge daarvan. Saulus is getel by die dissipels van Jesus wat hy vroeër vervolg het.

Omdat Saulus met die Heilige Gees vervul is, het hy nie net saam met die dissipels die Here in Damaskus aanbid nie. Hy het begin om die opdrag uit te voer wat die Here vir hom gegee het, naamlik om die Naam van die Here te dra voor die nasies en konings en die kinders van Israel. Saulus was so kragtig met die Heilige Gees vervul **dat hy dadelik begin het om Christus in die sinagoges in Damaskus te verkondig**. En in sy verkondiging het hy in besonder beklemtoon dat Christus die Seun van God is. In plaas daarvan om die briewe te oorhandig in die sinagoges was Saulus nou self die brief van die Here aan die Jode in Damaskus. Daar was by Saulus geen twyfel oor die Goddelikheid van Jesus Christus nie. Hy het immers die verheerlikte Jesus as Here op die pad na Damaskus ontmoet.

Die Jode wat Saulus aangehoor het, was **verbaas en uit die veld geslaan**. Saulus se reputasie as vervolger van die kerk van die Here Jesus was oral goed bekend. Elke Christen en baie Jode het geweet wat Saulus in Jerusalem gedoen het met die dissipels van Jesus. Hulle weet ook dat hy met volmag van die hoëpriester na Damaskus gekom het om die dissipels geboeid na die Joodse Raad terug te neem. Hierdie radikale verandering wat in Saulus se lewe plaasgevind het, was vir baie mense te goed om waar te wees.

Die reaksie van die Jode sowel as van die Christene in Damaskus beklemtoon hoe kragtig die werk van Jesus Christus in die lewe van Saulus was. Teenoor wat almal van Saulus geweet het, is die optrede van tans soos dag teenoor nag.

Alhoewel mense skepties was en selfs gedink het dat wat met Saulus gebeur het te ongelooflik is, **het Saulus meer krag ontvang**. Die Heilige Gees het hom voortdurend toegerus met die gawes wat hy nodig gehad het. Die Heilige Gees het aan Saulus die insig geskenk, sodat hy vanuit die Skrif – die Ou Testament – kon aantoon dat Jesus werklik die Christus is die Seun van God.

Hierdie verkondiging van Saulus het die Jode in Damaskus in die war gebring. Die

verwarring by die Jode het te doen gehad met die identiteit van Jesus. Vir die geharde Jode was Jesus net 'n gewone mens en iemand wat hom op 'n lasterlike wyse kom voordoen het as die Seun van God. Dit was die algemene siening onder die Jode en dit was die siening wat Saulus ook aangaande Jesus gehuldig het. Dit was as gevolg van hierdie siening dat Saulus so 'n geweldadige vervolger van die dissipels van die Here was.

Nou hoor die Jode in Damaskus egter iets anders uit die mond van Saulus. Jesus is nie maar net 'n mens wat Homself voorgedoen het as die Seun van God nie. Saulus verkondig vanuit die Skrif en met oortuiging dat Jesus inderdaad die Christus is die Seun van God. Menige Jode sou gewonder het – wie is Jesus dan nou regtig?

4. Hoe lank was die *geruime tyd* waarvan Lukas praat? (vers 23, vgl. Gal 1:18)
5. Waarom wou die Jode vir Saulus ombring? (vers 23)
6. Wat word bekend aangaande Saulus wanneer vertel word dat die Jode hom wou doodmaak? (vers 23-24, vgl. 2 Tess 1:5)
7. Waarom moes die dissipels Saulus in die nag in 'n mandjie help ontvlug? (vers 24-25)

In vers 20 het Lukas berig dat Saulus dadelik nadat hy weer kon sien, begin het om Christus as die Seun van God in die sinagoges te verkondig. Hierdie radikale verandering sowel as die oortuigde verkondiging van Saulus het die Jode in Damaskus deurmekaar gemaak. In vers 22 skryf Lukas dat Saulus al meer krag ontvang het om die verkondiging te doen en vanuit die Skrif te bewys dat Jesus die Christus is. Nou skryf Lukas dat daar 'n **geruime tyd** verloop het voordat die Jode tot die besluit gekom het om Saulus om te bring.

Die woorde in vers 22 – **Saulus het al meer krag ontvang** – sowel as hierdie aanduiding van tyd in vers 23 lei 'n mens om te verstaan dat daar 'n redelike tyd verloop het. Dit is Paulus se eie vertelling in Galasiërs 1 waar ons 'n verklaring kry vir die verloop van die tyd in Damaskus. Aan die Galasiërs het Paulus geskryf: **Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom**

**onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here (Galasiërs 1:15-19 AFR53).**

Dus kan ons die afleiding maak dat die geruime tyd waarvan Lukas praat na daardie drie jaar verwys waarvan Paulus vertel. Tussen Handeling 9:20 tot en met Handeling 9:23 het 'n tydperk van drie jaar verby gegaan. Gedurende hierdie drie jaar is Paulus deur die Here toegerus – het hy al meer krag ontvang – om kragtig van Jesus te getuig en vanuit die Skrif te bewys dat Hy die Christus is.

Die bekering van Saulus was volledig en radikaal. Die een oomblik het hy nog die Christene vervolg en was hy van plan om die kerk van Jesus geheel en al uit te roei. En die volgende oomblik is Saulus 'n vurige verkondiger van die Naam van Jesus wat hy wou uitdelg. Die Jode was nie net deurmekaar oor hierdie radikale ommeswaai wat by Saulus plaasgevind het nie. Hulle sou Saulus seker ook as 'n verraaier van die geloof van die vaders beskou het. **Omdat Saulus homself nou met die Naam van Jesus en sy evangelie vereenselwig**, wou die Jode hom om die lewe bring. Saulus het nou vir hulle 'n vyand geword wat uitgeroei moet word.

Saulus se bekering was nie net skielik en radikaal nie, dit was ook 'n egte bekering. **Saulus is werklik 'n verlose van Jesus Christus**. Aan die Tessalonisense het Paulus geskryf dat die vervolging wat hulle ly 'n teken is dat hulle die koninkryk van God waardig is (2 Tess 1:5).

Kamma Christelikheid flous nie die vyand van die Here nie. Daarom sal huigelaars nie so vervolg word soos ware Christene nie. Verdrukking en vervolging is inderdaad ongemaklik en onwrigtend, maar vir die ware gelowige is dit ook 'n teken dat sy bekering en geloof in Jesus eg is. Dit is egte Christene wat die duiwel se aandag trek. Saulus het nou van 'n vervolger na 'n vervolgte verander oor die egtheid van sy geloof in Christus.

Die Jode was vasberade om Saulus om die lewe te bring. Hulle het nie maar net daaraan gedink om so iets te doen nie. Hulle het beraadslaag en hulle plan in werking gestel. Deel van hulle plan was om die poorte van die stad dag en nag te bewaak, sodat Saulus hulle nie kan ontglip nie.

Die Jode se plan het egter nie 'n geheim gebly nie. Saulus het daarvan te hore gekom en hy en die ander dissipels het toe die plan bedink om hom in die nag in 'n mandjie deur 'n opening in die muur te laat afsak, **sodat hy vir sy eie veiligheid uit Damaskus kon wegkom**. Dit was die enigste manier in daardie stadium – Saulus is op 'n oneerbare manier uit Damaskus uit weg – onder dekking van die nag in 'n mandjie oor die muur. Hierdie was maar die begin van die baie lyding vir die Naam van Jesus wat Saulus sou ly.

8. Waarom wou Saulus by die dissipels aansluit? (vers 26)
9. Waarom het die dissipels aanvanklik nie vir Saulus aanvaar nie? (vers 26)
10. Waarom het Barnabas vir Saulus aan die apostels voorgestel? (vers 27)
11. Wat het Barnabas alles aan die apostels van Saulus vertel? (vers 27)

In Damaskus is Saulus voluit deur die dissipels ontvang en aanvaar. Hy het onmiddellik na sy bekering begin om Jesus Christus as die Seun van God te verkondig. Daar was by die gelowiges in Damaskus geen twyfel dat Saulus se bekering en geloof eg is nie. Dit was juis met die hulp van die gelowiges in Damaskus dat Saulus veilig uit Damaskus kon wegkom.

Waarskynlik was Saulus onder die indruk dat die dissipels in Jerusalem hom net so gou sal ontvang en aanvaar soos die gelowiges in Damaskus. Daar het immers nou 'n tydperk van drie jaar al verloop wat Saulus nie meer die kerk vervolg nie – effektief het Saulus as vervolger van die toneel verdwyn en die gelowiges sou dit tog seker opgemerk het. Gedurende die drie jaar sou daar seker berig oor Saulus se bekering by die gelowiges in Jerusalem uitgekroon het. **Saulus weet verseker dat sy bekering en geloof in Jesus eg is**. Daarom wil hy ook by die dissipels in Jerusalem aansluit.

Of daar ooit berig oor Saulus se bekering by Jerusalem uitgekom het, sal ons nie verseker kan weet nie. Die gelowiges in Jerusalem was egter huiwerig om Saulus in hulle midde te ontvang en te aanvaar. Die laaste wat hulle van Saulus gesien het, was dat hy 'n bloedige stryd gevoer het om die kerk uit te roei. Vir drie jaar het hulle niks van hom gehoor nie en nou daag hy skielik op en wil aanvaar word in die kring van die gelowiges. **Vir die gelowiges was daar iets verdags aan hierdie optrede.** Moontlik het hulle vermoed dat hy met 'n geslepe plan besig was om die kerk van binne af uit te roei nadat hy in die kring van die gelowiges ontvang en aanvaar is. Niemand van die gelowiges in Jerusalem was getuie van Saulus se bekering nie. Daarom kon hulle nie glo dat hy 'n dissipel van Jesus Christus is nie.

Barnabas het waarskynlik eie handig ondervind hoe moeilik dit is om as 'n Griekssprekende Jood aanvaar te word in Jerusalem deur die Hebreussprekende Jode. Barnabas was van Ciprus afkomstig (Hand 4:36). Hy sou dan begrip gehad het vir Saulus se probleem om deur die gelowiges in Jerusalem aanvaar te word. In Damaskus het die Here vir Ananias oortuig dat Saulus 'n uitverkore werktuig van die Here is en dat hy werklik tot Christus bekeer is. **Die Heilige Gees het ook vir Barnabas oortuig dat Saulus se bekering en geloof eg is.** Daarom het Barnabas vir Saulus na die apostels gebring. Indien die apostels oortuig is dat Saulus werklik tot bekering en geloof in Christus gekom het, sal die res van die gelowiges in Jerusalem Saulus ontvang en aanvaar as een van hulle.

Barnabas het aan die apostels vertel van **Saulus se ontmoeting met die Here Jesus op die pad na Damaskus.** Hy het vertel dat Saulus die Here gesien het en dat die Here met Saulus gepraat het. Verder het hy ook vertel hoe Saulus met vrymoedigheid die Naam van Jesus in Damaskus verkondig het. Dit is onbekend waar Barnabas aan die kennis aangaande Saulus se bekering gekom het. Die mees waarskynlike is dat Saulus dit self aan Barnabas vertel het en deur hierdie vertelling van Saulus het die Heilige Gees vir Barnabas van die egtheid van Saulus se geloof oortuig.

Barnabas was al lankal bekend en bemind onder die apostels. Daarom het die apostels die getuienis van Barnabas aanvaar. Barnabas het sy naam gestand

gedoen – hy is werklik 'n seun van vertroosting (Hand 4:36). Tot vertroosting van Saulus het hy vir hom voorspraak gedoen by die apostels. Die apostels het Barnabas as 'n opregte dienskneg van die Here geken. Sy woorde sou ook vir die apostels vertroostend wees – hulle hoef Saulus nie meer as 'n vervolger te vrees nie, maar kan hom as 'n gelowige broer ontvang.

12. Saam met wie het Saulus in Jerusalem in- en uitgegaan? (vers 28, vgl. Gal 1:18)
13. Waarom noem Lukas in besonder dat Saulus met die Griekssprekende Jode gepraat het? (vers 29)
14. Waarom wou hulle vir Saulus doodmaak? (vers 29)
15. Waarom het die broeders vir Saulus uit Jerusalem weggebring? (vers 30)

Barnabas het vir Saulus aan die apostels voorgestel. Paulus vertel self dat hy in Jerusalem net vir Petrus van die apostels ontmoet het en ook Jakobus die broer van die Here Jesus (Gal 1:18). Hy het vir twee weke by Petrus in Jerusalem gebly. Gedurende hierdie tyd het hy saam met hom in- en uitgegaan. Daarmee bedoel Lukas dat Saulus gedurende sy verblyf in Jerusalem **saam met Petrus die evangelie verkondig het**.

Vir die gelowiges in Jerusalem het daar gerusstelling gekom oor Saulus. Petrus was 'n getuie dat Saulus werklik die evangelie van Jesus Christus verkondig. Saulus het vrymoediglik in die Naam van die Here Jesus gespreek, soos wat Barnabas gesê het dat hy in Damaskus gedoen het.

Saulus was self 'n Griekssprekende Jood wat in Tarsus gebore is en groot geword het. **Hy het hulle manier van dink en redeneer begryp**. Daarom het hy soos Stefanus sy verkondiging van die evangelie op hierdie Jode toegespits. Inderwaarheid het Saulus met die werk van Stefanus voortgegaan wat drie jaar gelede onderbreek is met die dood van Stefanus.

Met sy Skrifkennis wat hy as Fariseër geleer het en met die verligting van die Heilige Gees was Saulus in staat om vanuit die Skrif aan te toon dat Jesus werklik die Christus is, die Seun van God. Dit is hierdie verkondiging van Saulus wat

veroorzaak het dat die Jode met hom geredetwis het.

Soos in die geval van Stefanus sou die Griekssprekende Jode dit ook nie nou kon regkry om die verkondiging van Saulus te weerlê nie. Net soos in die geval met Stefanus het hierdie Jode **ontmagtig begin voel** en begin soek na 'n manier om van die Saulus ontslae te raak. Daarmee saam het hulle seker ook vir Saulus **as 'n verraaier van die geloof van die vaders beskou**. In hulle oë is dit erg genoeg sodat hy doodgemaak moet word. Die patroon vir Saulus se lewe het begin vorm aanneem – die ongelowige Jode was daarop uit om Saulus dood te maak.

Die gelowiges in Jerusalem het agtergekom dat Saulus se lewe ingevaar is. Hoe dit die afgelope drie jaar in Jerusalem gegaan het, vertel die Heilige Gees ons nie. Maar dit is moontlik dat die gelowiges gesien het dat weer kan gebeur wat drie jaar gelede gebeur het na die dood van Stefanus – 'n vervolging van die kerk. Daarom het hulle **vir Saulus en die kerk se veiligheid** Saulus eerder weggebring na Cesarea en weggestuur na Tarsus.

Natuurlik het die Here ook hierdie vyandigheid in Jerusalem teenoor Saulus beskik, want Saulus moet getuie van Jesus Christus wees aan die nasies. Daarom moet Saulus uit Jerusalem weggebring word. In Handeling 22 vertel Paulus dat hy 'n gesig van Jesus ontvang het om uit Jerusalem uit weg te gaan (Hand 22:17-21).

In Cesarea was daar gelowiges wat as gevolg van die vervolging van die kerk in Jerusalem daarheen gevlug het. Filippus was daar nadat hy die evangelie aan die Ethiopiër verkondig het (Hand 8:40). Van daar is Saulus verder na Tarsus waar hy groot geword het. Hier het Saulus gebly en gewerk totdat Barnabas hom daar gaan haal het om in Antiochië in Sirië te gaan help (Hand 11:19-26).

- |   |
|---|
| <p>16. Het die vrede wat die gemeentes gehad het beteken dat die vervolging geheel en al opgehou het? (vers 31)</p> <p>17. Watter drie dinge het die gemeentes gedoen in die tyd? (vers 31)</p> <p>18. Wat was die gevolg vir die gemeentes in die tyd? (vers 31)</p> |
|---|

Saulus se bekering en geloof in Jesus Christus het die intensiteit van die vervolging en verwoesting van die kerk van die Here laat afneem. Saulus het die kerk van die Here met groot ywer vervolg en gepoog om dit geheel en al te vernietig. In die drie jaar sedert Saulus se bekering was daar nie weer een persoon wat met soveel geweld teen die kerk losgetrek het nie. Hierdie afname in die intensiteit van die vervolging het veroorsaak dat daar vrede was vir die kerk in Judea, Galilea en Samaria.

**Dit het egter nie beteken dat die vervolging geheel en al opgehou het nie.** Van die ongelowige Jode se kant af – veral van die Griekssprekende Jode se kant af – het die vervolging voortgegaan op 'n ander manier. Vir eers was die ongelowige Jode se aandag toegespits op Saulus. Hulle wou in Damaskus en nou ook in Jerusalem vir Saulus doodmaak.

In die boek Handeling word nie van elke plek vertel waar daar volgelingen van Jesus was en hoe daar gemeentes in daardie plekke ontstaan het nie. Maar tot dusver weet ons dat die volgelingen van Jesus versprei was in Jerusalem, Judea, Samaria en Ethiopië. Filippus het ook in Asdod die evangelie verkondig en het later in Cesarea homself gevestig. Dit is waarheen Saulus afgebring is (Hand 9:30) en hy het hom vir die volgende tyd in Tarsus gevestig waar hy voortgegaan het met die verkondiging van die evangelie. Nou word hier ook genoem dat daar in Galilea Christene was.

In die Afrikaanse vertalings word gepraat van die gemeentes. In die oorspronklike word in die enkelvoud van die gemeente gepraat. Hieruit kan ons aflei dat die kerk in hierdie stadium as 'n eenheid beskou is wat op verskillende plekke bymekaar gekom het.

Gedurende hierdie tyd van vrede is die gemeentes **opgebou** deur die verkondiging van die evangelie op die verskillende plekke. In hierdie stadium weet ons van Filippus wat deur die Here as 'n evangelis gebruik is om die evangelie te verkondig. Dit is ook moontlik dat die apostels in hierdie tyd ook weer van plek tot plek gegaan het om getuies van Jesus Christus te wees. Net in die volgende gedeelte verneem ons van Petrus se werk in Lidda, Saron en Joppe.



Die gemeentes het ook **gewandel in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees**. Deur die verkondiging van die evangelie het die ontsag vir die Here by die gelowiges toegeneem en hulle het al hoe meer die vertroostende nabyheid van die Heilige Gees se leiding ondervind.

Die gevolg was dat die gemeentes vermeerder het. Die Here het deur hierdie werk van die gelowiges nog meer bekeerlinge tot sy kerk gevoeg, sodat die kerk op al die plekke gegroei het. Hierdie is die derde vorderingsverslag wat Lukas gee in verband met die kerk. Die eerste vorderingsverslag is gegee net na die uitstorting van die Heilige Gees en die prediking van Petrus (Hand 2:47). Die tweede verslag is gegee na die verkiesing van die sewe in Jerusalem (Hand 6:7). Hierdie derde verslag sluit tot 'n mate die vertelling van die Here Jesus se handeling deur sy kerk in Jerusalem, Judea en Samaria af. Die res van die boek Handeling handel oor die verspreiding van die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde.

#### **4. Handeling 9:32-43 – Petrus se bediening in Lidda en Joppe**

**32 En onderwyl Petrus oral rondgaan, het hy ook gekom by die heiliges wat in Lidda woon; 33 en hy het daar 'n man gevind met die naam van Enéas, wat al agt jaar bedlêend en verlam was.**

**34 En Petrus sê vir hom: Enéas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op!**

**En hy het dadelik opgestaan. 35 En al die inwoners van Lidda en Saron het hom gesien en hulle tot die Here bekeer.**

**36 En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het. 37 En in dié dae het sy siek geword en gesterwe, en hulle het haar gewas en in 'n bovertrek neergelê. 38 En omdat Lidda naby Joppe was en die dissipels gehoor het dat Petrus daar was, het hulle twee manne na hom gestuur wat hom moes smee dat hy sonder uitstel na hulle moet oorkom.**

**39 En Petrus het opgestaan en saam met hulle gegaan. En toe hy daar kom, bring hulle hom in die bovertrek; en al die weduwees kom by hom staan en ween en wys hom die onder- en bo-klere wat Dorkas alles gemaak het toe sy**

nog by hulle was. **40 En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid. En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabíta, staan op! En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit. 41 En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle. 42 En dit het bekend geword in die hele Joppe, en baie het in die Here geglo. 43 En hy het 'n geruime tyd in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.**

#### **4.1 Vrae by Handeling 9:32-43**

1. Waar het Petrus oral rondgegaan? (vers 32)
2. Wie is die heiliges wat in Lidda woon? (vers 32)
3. Wat was fout met Eneas? (vers 33)
4. Wat doen Petrus aan Eneas se probleem? (vers 34)
5. Watter gevolg was daar vir Eneas en die inwoners van Lidda? (vers 34-35)

Hierbo is opgemerk dat die res van die boek Handeling die uitbreiding van die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde beskryf. Die Ethiopiër is iemand wat vir baie mense aan die uithoek van die aarde gewoon het. Dit is inderdaad so, maar hy het in Judea op die pad tussen Jerusalem en Gasa tot bekering gekom. In die res van die boek Handeling gaan ons lees van mense wat al verder van Jerusalem en Judea af tot bekering kom.

Jerusalem is die sentrum van waar die evangelie al verder onder die Jode versprei het. In hierdie eerste deel van die evangelie se verspreiding na die uithoeke van die wêreld (Hand 9:32-12:24) hoor ons van meer en meer heidene wat tot geloof kom. Antiochië in Sirië wat mettertyd die sentrum word van waar die evangelie al verder onder die heidene in Asië en Europa versprei, kom ook hier vir die eerstemaal in die prentjie wanneer die Here daar 'n gemeente tot stand bring. In hierdie uitbreiding het die Here heelwat van Petrus gebruik gemaak. In Handeling 9:32-43 tref ons vir Petrus op kusvlakte van Palestina aan.

Vroeër het ons verneem dat die apostels hoofsaaklik in Jerusalem werksaam was. Dit het tot gevolg gehad dat die mense van die omstreke na Jerusalem toegekóm het met hulle siekes sodat die apostels hulle kon genees (Hand 5:16). Die vervolging van die kerk in Jerusalem het veroorsaak dat baie gelowiges uit Jerusalem na ander dele van Judea en Samaria gevlug het. Dit het genoodsaak dat die apostels ook nie net meer in Jerusalem werksaam kon wees nie.

Met die dat Saulus ook tot bekering gekóm het, het die vervolging van die kerk effe tot bedaring gekóm. Petrus het na die vertrek van Saulus na Tarsus **rondgegaan in Judea**. Lidda en Joppe is in die Judea geleë. In Lidda het Petrus heiliges aangetref.

**Die heiliges in Lidda is volgelingen van Jesus Christus.** Ananias van Damaskus het al van die gelowiges as heiliges gepraat. Hierdie gelowiges in Lidda kon al gelowig geword het op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees of hulle kon van diegene wees wat uit Jerusalem gevlug het as gevolg van die vervolging. Lidda was sowat sestien kilometer van die see af en sowat veertig kilometer noordwes van Jerusalem af. By Lidda het pad van Jerusalem na die see en die hoofpad van Egipte na Sirië mekaar gekruis.

Petrus het by hierdie gelowiges in Lidda vertoef om hulle met die Woord te versterk en om verder die evangelie aan die inwoners te verkondig. In Lidda het Petrus ook 'n man met die naam Eneas gevind. Lukas berig **dat Eneas al vir agt jaar bedlêend en verlam is**. Of Eneas een van die heiliges in Lidda was, word nie uitdruklik gesê nie. Die feit Lukas Eneas 'n man noem en vir Tabita in Joppe 'n *dissipelin* laat 'n mens dink dat Eneas waarskynlik nog nie 'n gelowige was nie.

Eneas se verlamming was nie sommer iets tydelik nie. Vir agt jaar is dit nou al by die inwoners van Lidda en omstreke bekend dat Eneas verlam en bedlêend is. Die Here kies juis vir Eneas om sy wonderwerk mee te laat gebeur tot bevestiging van die woorde wat Petrus verkondig.

Soos by die kreupel man by die Skone poort (Hand 3:1-8) het die Here Jesus ook hier vir Petrus gebruik as instrument. **Petrus het aan Eneas gesê dat Jesus Christus hom gesond maak**. Jesus het nie vir Petrus nodig om vir Eneas te

genees nie, maar Hy wil dat Petrus hierdie woorde sê ten aanhore van almal. Daarom gee Petrus aan Eneas die opdrag om op te staan en sy bed op te maak. Inderwaarheid het Petrus niks met die genesing te doen nie. Hy het maar alleen gesê wat Jesus doen en ter bevestiging van Jesus se werk het hy Eneas aangesê om op te staan.

**Gevollik het Eneas dadelik opgestaan.** Jesus het Eneas inderdaad genees sodat hy kon opstaan. Hierdie genesing van Eneas is deur die inwoners van Lidda en Saron gesien. **En dit het daartoe gelei dat hulle hulle tot die Here bekeer het.** Deur middel van die wonder wat met Eneas gebeur het, het die Heilige Gees die inwoners van Lidda en Saron oortuig van die waarheid van die evangelie.

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>6. Waarvoor was Tabita bekend gewees? (vers 36)</li><li>7. Wat het haar oorgekom? (vers 37)</li><li>8. Waarom het die gelowiges vir Petrus laat haal? (vers 38)</li></ol> |
|---|

Tabita word eerste bekend gestel as 'n **dissipelin**. Sy was dus 'n Christen wat in Joppe woonagtig was. Die Griekse vertaling van haar naam is Dorkas. In albei die tale beteken die naam *hert*. Tabita was nie net in naam 'n Christen nie, sy het haar geloof in Jesus Christus op 'n besondere manier geleef. **Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.** Haar gesindheid en optrede het getuig dat sy aan die Here behoort en almal in Joppe het daarvoor gepraat.

*In dié dae* verwys na die tydstop toe Petrus in Lidda werksaam was. In daardie stadium het Tabita **siek geword en gesterf**. Gesondheid en siekte is dinge wat nie toevallig met 'n mens gebeur nie. Hierdie dinge kom 'n mens toe uit die vaderhand van God. So het die Here dit dan beskik dat Tabita juis in hierdie stadium siek geword het en gesterf het. Juis met haar dood wil die Here Homself verheerlik.

Joppe was sowat sestien kilometer van Lidda af aan die kus van Judea. Joppe was van vroeg af die hawe vir Jerusalem gewees. Die gelowiges in Joppe het gehoor dat Petrus in Lidda werksaam is. Hulle het waarskynlik ook verneem van die wonder wat die Here Jesus in Lidda met Eneas gedoen het deur middel van Petrus.

Die gelowiges in Joppe was oortuig van die almag van Jesus Christus. Daarom het hulle Petrus in Lidda laat haal. Hy moes sonder uitstel na hulle toe kom. Hierdie gelowiges was oortuig dat die Here deur middel van Petrus ook iets aan Tabita sal kan doen. Hulle het haar nie begrawe soos wat 'n mens met gestorwenes maak nie. Hulle het haar gewas en op die bed in die bovertrek neergelê. Hulle het vir Petrus laat haal **sodat die Here vir Tabita lewendig kan maak of om die gelowiges te vertroos na die dood van Tabita.**

9. Wat het Petrus in Joppe aangetref? (vers 39)
10. Hoe het Petrus gereageer op dit wat hy aangetref het? (vers 40)
11. Wat was die gevolg van Petrus se gebed? (vers 40-41)
12. Hoe het die Here Homself verheerlik met die opwekking van Tabita? (vers 42)
13. Waarom noem Lukas uitdruklik dat Petrus by 'n Simon die leerlooier tuisgegaan het? (vers 43)

Petrus het sonder verwyd opgestaan en saam met die mense van Joppe af uit Lidda vertrek. Hulle het vir Petrus dadelik na die bovertrek geneem waar hulle vir Tabita op die bed neergelê het. Terwyl Petrus in die bovertrek was, het al die weduwees by Petrus kom staan. Hulle het gehuil en vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het. Petrus het in Joppe 'n **gemeenskap van gelowige weduwees gekry wat regtig lief was vir Dorkas**. Dorkas het 'n besondere diens in die gemeenskap van die gelowiges in Joppe gelewer – sy het klere vir die weduwees gemaak.

In Jerusalem het Petrus self beleef watter heilsame uitwerking die versorging van die weduwees vir die gemeente en in die koninkryk van God gehad het. Dorkas se diens ten bate van die weduwees en Joppe het net so 'n heilsame uitwerking in hierdie kring van gelowiges gehad. En met die dood van Dorkas sou hierdie diens en uitwerking in die gemeente skade gely het.

Dit is moontlik dat al die gebeure in Joppe vir Petrus herinner het aan die opwekking van die dogter van Jaïrus, want wat nou volg stem baie ooreen met wat by daardie

wonderwerk gebeur het (Mark 5:38-43). Petrus het almal wat in die bovertrek was, uitgestuur. **Hy het toe gekniel en gebid.** Met alles wat Petrus aangetref het en waarskynlik met dit wat hy onthou het van Jaïrus se dogter het die Heilige Gees vir Petrus gelei om tot die Here te bid oor Tabita. In die gebed sou hy gevra het as dit in die Here se raadsplan is om Tabita op te wek en Homself so te verheerlik dat Hy dit sal doen.

Nadat Petrus gebid het, het hy na die liggaam op die bed gedraai en Jesus se woorde gebruik wat hy onthou. Petrus het in die Naam van Jesus Tabita aangesê om op te staan.

**Tabita het haar oë oopgemaak** en toe sy vir Petrus sien, **het sy regop gaan sit.** Die Here het Petrus se gebed verhoor deur vir Tabita op te wek, want dit was in sy raadsplan om dit te doen. Petrus het haar toe gehelp om op te staan en **haar lewendig voor die gelowiges en die weduwees gebring.** Die hele gemeente in Joppe het die vreugde gehad van 'n gebed wat verhoor is.

Die Here het vir Tabita lewendig gemaak nie omdat Petrus dit gevra het of omdat die weduwees so hartseer was nie. Die Here het haar opgewek ter wille van Homself. Lukas berig dat **baie mense in Joppe toe in die Here geglo het.** Met hierdie wonderwerk het die Here die verkondiging van die gelowiges in Joppe bevestig. Die Here gee werklik lewe.

Met die woorde in vers 43 **beklemtoon Lukas die verandering wat die Here stadig maar seker in Petrus se eie lewe aanbring.** Leerlooiers is mense wat aanhoudend seremonieel onrein is omdat hulle met die karkasse van dooie diere werk. Die Here is besig om vir Petrus te lei om hierdie Joodse tradisies en seremoniële wyses af te sterf. Simon was na alle waarskynlikheid ook 'n gelowige. Daarom het Petrus by hom tuisgegaan. Die Here is besig om vir Petrus voor te berei vir die werk wat hy volgende sal moet doen – om iemand wat 'n heiden was te doop.